higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N5

25 NOVEMBER 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 D
1.3 B
1.4 A
1.5 B
1.6 D
1.7 B
1.8 A
1.9 C
1.10 D

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1 G
2.2 I
2.3 M
2.4 N
2.5 B
2.6 A
2.7 K
2.8 E
2.9 P
2.10 D
2.11 C
2.12 F
2.13 J
2.14 L
2.15 P

(15 × 2) **[30]**

TOTAAL AFDELING A 50

AFDELING B

VRAAG 3

3.1
- Dit bespaar ruimte asook tyd wanneer daar na speelgoed gesoek moet word.
- Dit leer kinders van kleins af organisasievaardighede.
- Dit help om dadelik te sien wat weg is of wat stukkend is.
- Die kinders voel veilig in ’n geordende omgewing en het toegang tot die speelgoed.
- Dit leer kinders verantwoordelikheid aangesien hulle self die speelgoed kan wegbêre. (5)

3.2
- Die toerusting wat buite gebruik word, moet geen skerp punte en geen gebreekte dele hê nie.
- Daar mag geen punte of hoeke op die groot buitetoerusting wees wat uitsteek nie.
- Die groot toerusting moet met niegiftige verf geverf word.
- Daar moet ’n veilige heining en ’n sluitbare hek wees wat die kinders verhoed om uit te gaan.
- Die toerusting moet by die kinders se grootte en ouderdom pas.
- Groot toerusting moet in die grond geanker word.
- Geen stukke gebreekte glas mag op die speelgrond rondlê nie.
- Daar mag geen giftige plante wees nie.
- Die waterspeelarea moet bedek word wanneer dit nie in gebruik is nie.
- Die sandgat moet gesteriliseer word en snags bedek word. (10)

3.3 Verbande, stetoskope, wit laboratoriumjasse, speelgoeddokterstassies, komberse, poppe, plastiekinspuitings (5)

3.4
- Neem die bak water en plaas dit op die tafel waar almal dit kan sien.
- Neem die veer en laat val dit in die water.
- Neem die munstuk en laat val dit in die water.
- Laat die kinders sien dat die veer bo-op die oppervlak van die water dryf en die muntstuk na die bodem van die bak afsak.
- Die kinders leer van die begrippe swaar en lig. (5)

3.5
- Die boek moet ’n eenvoudige storie bevat en moet handel oor dinge wat hulle ken.
- Die prente moet groot, kleurvol en duidelik wees.
- Die storie moet herhalings en rympies bevat.
- Die boek moet op die werklikheid gebaseer wees en nie op fantasie nie.
- Die boek moet van karton gemaak word en moet meer prente as woorde bevat. (5)

3.6
- Niemand mag in die sandgat eet nie.
- Niemand mag mekaar met sand gooi nie.
- Trek skoene en sokkies uit wanneer daar in die sandgat gespeel word.
- Moenie die sand eet nie.
- Moenie die sandspeelgoed na ander speelareas neem nie. (5)

Kopiereg voorbehou

3.7
- Die dagsorgfasiliteerder kan die ouers aanmoedig om die kind biblioteek toe te neem.
- Die dagsorgfasiliteerder kan die ouers vra om boeke voor te lees en stories aan die kind te vertel.
- Die dagsorgfasiliteerder kan ouers aanmoedig om die kind te leer om alle boeke met respek te hanteer.
- Die dagsorgfasiliteerder kan ouers aanmoedig om te luister wanneer hul kinders praat.
- Die dagsorgfasiliteerder kan nuusbriewe uitstuur en plakkate oor taalontwikkeling opplak.
- Die dagsorgfasiliteerder kan vergaderings hou om ouers oor die waarde van taalontwikkeling in te lig. (Enige 5 × 1) (5)

3.8
- Dit is vir die dagsorgfasiliteerder moeilik om elke kind te leer ken aangesien hulle nie met dieselfde groep kinders werk nie, maar telkens verskillende kinders hanteer.
- Dit kan die dagsorgfasiliteerder langer neem om van probleme wat ’n kind kan ervaar, bewus te word.
- Die aktiwiteite kan die dagsorgfasiliteerder verveel aangesien hulle dieselfde aktiwiteite oor en oor doen.
- Die kinders moet aan elke dagsorgfasiliteerder se soort dissipline gewoond raak, wat die toepassing van dissipline bemoeilik.
- Dit is moeiliker vir ’n nuwe kind om aan te pas. (5 × 2) (10)

VRAAG 4

4.1
- Streng vertroulikheid en professionalisme moet gehandhaaf word.
- Geen inligting mag rondlê nie.
- Die kinders mag nie bewus wees daarvan dat die waarneming plaasvind nie.
- Intensiewe en objektiewe waarnemings is belangrik om ’n kind behoorlik te kan evalueer.
- Behoorlike beplanning vir waarnemings is belangrik.
- Wees eerlik in jou waarneming.
- Waarnemings moet deurlopend gedoen word.
- Hou jou skryfbehoeftes byderhand wanneer jy waarnemings doen.
- Boekstaaf die kind se optredes en moet geen oordele vel nie.
- Moenie met volwassenes of kinders praat wanneer ’n bepaalde kind waargeneem word nie. (10)

4.2
- Om woordeskat uit te brei
- Om luistervaardighede te verbeter
- Om verbeelding uit te brei
- Om geheuevaardighede te ontwikkel
- Om konsentrasie te verbeter (5)

4.3
- Telrympies
- Diererympies
- Vinger- en aksierympies
- ABC-rympies
- Onsinrympies (5)

Kopiereg voorbehou

4.4
- Die boekhoekie moet weg van die algemene voetverkeer in ’n stil area wees.
- Die hoekie kan deur middel van boekrakke of kaste van die ander speelareas geskei word.
- Daar moet ’n sagte mat en kussings op die vloer wees, met ’n groot boontjiesak waarop kinders kan sit.
- Plakkate en reëls kan met behulp van prente vertoon word.
- ’n Boekrak, waarop boeke op ooghoogte gerangskik word, is belangrik.
- Die leeshoekie moet knus wees en daar moet iewers nuwe boeke uitgestal word.
- ’n Tafel en stoele moet ook beskikbaar wees.
- Boeke waaruit die dagsorgfasiliteerder stories vertel/voorlees, moet ook uitgestal word.
- Die hoekie moet goed verlig wees.
- Daar moet genoeg ruimte wees.
- Die uitstalling moet minstens een maal per week verander word en nuwe boeke moet uitgeneem word. (Enige 10 × 1) (10)

4.5 4.5.1 Voordele
- Die dagsorgfasiliteerder weet presies wat om te doen en waar begin moet word.
- Dit is makliker om te sorg dat die gehalte van onderrig konsekwent bly aangesien die dagsorgfasiliteerder oor al die inligting beskik wat hulle nodig het om te onderrig.
- Dit maak die dagsorgfasiliteerder se taak makliker aangesien hulle nie toepaslike temas hoef te beplan of uit te werk nie.

Nadele
- Die voorgeskrewe temas voorsien nie noodwendig in ’n spesifieke groep se unieke behoeftes nie.
- Die temas kan nie verander word as dit ongeskik blyk te wees nie. (5 × 2) (10)

4.5.2
- Bespreek wie in my huis bly.
- Bespreek waarvan huise gemaak word.
- Bespreek die verskillende kamers in my huis.
- Bespreek wat in die kombuis in my huis gebeur.
- Bespreek die meubels in my huis. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1
- Teken
- Verf
- Ryg
- Knip-en-plak-aktiwiteite
- Speeldeegaktiwiteite (5)

5.2 5.2.1
- Winkel
- Brandweer-/polisiestasie
- Teater
- Dieretuin
- Plaas
- Biblioteek
- Park
- Museum
- Fabriek (Enige 3 × 1) (3)

5.2.2
- Besluit waarheen jy die kinders wil neem.
- Besoek die plek vooraf.
- Versoek die mense by die plek om met die kinders te praat.
- Bespreek die uitstappie met die skoolhoof.
- Reël dat sommige volwassenes jou op die uitstappie vergesel.
- Reël die vervoer- en vertrektye.
- Reël verversings vir die uitstappie.
- Stuur ’n brief aan die ouers en laat hulle vrywaringsvorms teken.
- Begroot behoorlik vir die uitstappie.
- Samel die geld in. (10)

5.3
- Maak seker dat die musiek by die elemente van die storie pas.
- Wissel die vertelling van die storie met musiek af.
- Maak seker dat die klankgehalte goed is.
- Neem kort stukkies musiek op.
- Die musiekstorie moet nie die dagsorgfasiliteerder vervang nie.
- Vertel die storie vir jouself om in kontak met die kinders te bly.

(Enige 5 × 1) (5)

5.4
- Aangesien musiek ’n groepsaktiwiteit is, gaan die kinders op ’n sosiale vlak met mekaar om.
- Die kinders leer om te deel, beurte te maak en met mekaar saam te werk.
- Musiek stel die kinders in staat om deur middel van liedjies en danse met mekaar te kommunikeer.
- Musiek stel die kinders in staat om ’n rol van leier of volgeling te vertolk, byvoorbeeld in ’n orkes.
- Kinders kan deur musiek hul gevoelens oordra en musiek vertolk. (5)

Kopiereg voorbehou

5.5

AKTIWITEIT	HULPMIDDELS	DOELWITTE
IINLEIDING Neem die kinders na buite terwyl hulle sing, 'ons marsjeer', of enige ander toepaslike aktiwiteit (2)	Geen Of: Hulpmiddels vir die aktiwiteit in die inleiding (2)	Om die kleuters se aandag te kry Om hulle op die aktiwiteit voor te berei Die doelwitte moet met die aktiwiteit ooreenstem. (2)
INHOUD Die kleuters gooi die boontjiesakke in die mandjies. Of: Die kleuters sit die boontjiesakke in die mandjies en hardloop van punt A na punt B. Of: Die kleuters probeer om met ’n boontjiesak op hul kop te loop en wanneer hulle by die mandjie kom, gooi hulle dit in die mandjie. Of enige ander toepaslike aktiwiteit (4)	Boontjiesak Mandjie (2)	Ontwikkel groot motoriese vaardighede Oog–hand-koördinasie Verhoog selfagting Ontwikkel balans Of: Enige ander doelwit wat met die aktiwiteit ooreenstem (4)
SAMEVATTING Die kinders gaan lê op hul rug en doen asemhalingsoefeninge. Of enige ander kalmeringsaktiwiteit (2)	Geen Of: Hulpmiddels vir die aktiwiteit in die samevatting (2)	Raak kalm Beëindig die les Enige ander doelwit wat met die aktiwiteit ooreenstem (2)

(22)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou